# Dordt-Nuus

**Gemeenteblad Dordt Gereformeerde Kerke Orania en Alma (Los van GKSA) Junie 2024**


**ORANIA**

**Erediensty e: Sondae: Oggend: 10:00. Somer: Aand: 18:00, winter 17:30. Katkisasie: Sondae: 8:45**

**Posadres: Posbus 13, Orania 8752; Kerkplek: CVO Skool Ouditorium Orania**

**Skriba & Attes. Skriba: Oudl. Gerd Erasmus 053 207 0134 & 082 782 2985. e-pos: glerasmus@ncwnetonline.co.za of glerasmus@oranet.co.za Kassier: diaken Antonie Havinga 084 512 0146 & e-pos: antonie@itec.co.za**

**ALMA**

**Eredienstye: Sondae; oggend: 10:00 Katkisasie: Sondae: 12:00**

**Posadres: Posbus 62, Thabazimbi 0380 Kerkplek: Plaas Boekenhoutspoort Alma**

**Skriba & Attes. Skriba: oudl. Boeta Erasmus 079 099 6887 e-pos: erasmusboeta@gmail.com**

**Kassier: Kassier: diaken Frans Voster 082 342 8637 & e-pos: dordtgereformeerdekerkalma@gmail**


***Skrifoordenking***

## Die geslagsregister van Jesus Christus

Prof L Floor (uit: Die Betroubare Woord – Kom na My, Matt.1-13, 1981:11,12)

**Matthéüs**

Die eenheid en die verskeindenheid van die Bybel kom in die verhoudigg tussen die Ou en die Nuwe Testament na vore. Ongeveer een-tiende van die Nuwe Testament bevat Ou Testamentiese materiaal.

Die blomknop van die Ou Testament gaan in die Nuwe Testament oop.

Die Nuwe Testament is in die Ou Testament verborge en die Ou Testament kom in die Nuwe Testament tot openbaring. Dit blyk duidelik uit Matt.1 en 2. Matt.1 vertel ons van die *Genesis* van Jesus Christus en Matt. 2 verhaal die *Exodus* van Jesus Christus. In Christus kom die Ou Testament tot vervulling. Hierdie groot gedagte wil Matthéüs aan sy Joods-Christelike lesers verduidelik.

Letterlik staan daar *boek van* (die) *genesis van Jesus Christus* (1:1). Die eerste boek van die Ou Testament vertel ons van die wonder van die skepping. Ook lees ons daar van die sonde wat die skepping ontwrig het. Die eerste boek van die Nuwe Testament vertel van die wonder van hoe die skepping deur die koms en werk van Jesus Christus herstel word.

Matthéüs wil sy lesers wys dat Jesus die Messias, die beloofde Koning en die groot Profweet en Leraar van Israel is. Daarom begin hy, deur die Heilige Gees daartoe geïnspireer, met ’n geslagsregister.

Stambome of Afkomsregisters is in daardie tyd dikwels opgestel, omdat alleen hulle wat ’n suiwer familieregister gehad het tot die diens van die tempel toegelaat is (Esra 2:62,63; Neh.7:63-65). Priesters wat in die Joodse verstrooiing gebly het, het selfs voor hul huwelik hulle stamboom en die van die aanstaande eggenoot na Jerusalem gestuur om deur die Sanhedrin gekontroleer te word.

**Verskil tussen Matthéüs en Lukas**

Lukas gee die geslagsregister van Jesus (3:23-38). Wanneer ons beide naamlyste met mekaar vergelyk, dan is daar ooglopende verskille. Lukas trek die geslagslyn van Jesus Christus terug tot by Adam, die vader van die mensheid (3:38), terwyl Matthéüs by Abraham, die vader van die Joodse volk begin (1:1,2).

Dit lyk of daar by Matthéüs uitgelaat is. Lukas gee uit die periode ná meer name as as Matthéüs. Weglating van name uit geslagsregisters was nie so ’n ongewone ding by die Jode nie. Ons vind dit ook by Esra 7:3 (vgl 1 Kron.5:32).

Dit word wel aanvaar dat ons by Matthéüs die geslagsregister van *Josef* en by Lukas van *Maria.* By Lukas kry ons duidelik die Afstamming volgens die bloedlyn, terwyl ons by Matthéüs duidelik die koningslyn kan lees. Matthéüs gee die lys van *regerende vorste*, die *konings en die hoofde van die geslag.* Die geslagsregister van Matthéüsopenbaar aan ons:

-- Jesus is regtens die erfgenaam die kroon van Dawid.

-- Jesus is die wettige seun van die Groot Koning van Israel.

* * * * * * * *

## Seënbede

**ORANIA**

**Verjaarsdae:** Mag die volgende br’s en sr’s wat in Junie verjaar, die seën van die Here ryklik ervaar: Jodina Steenkamp en Gerd Erasmus 4de; Magda van der Linde 9de; ds Koos Kirsten 16de; Pieter Marx (snr) 19de; Jeanette Erasmus 26ste.

**ALMA**

Die volgende sr. en br. Christina Vorster 11de; Gerhard de Villiers 15de wat in Junie verjaar, mag u die seën van die Here vir die volgende jaar ryklik ervaar.

* * * * * * * *

## Lief en leed

**ORANIA**

**Siekte**: Br. Daniel du Toit was die week van 12 Mei in Bloemfontein en is opgeneem vir toetse. Daar is gevind dat die vorige behandeling verkeerd was. Die nuwe behandeling, o.a. 'n stent in 'n groot aar, blyk reeds 'n positiewe gevolg wees. Sterkte Daniel. Ons bid en vertrou dat die Here jou volkome sal genees. Br Pieter Steenkamp was by 'n internis gewees en daar is gevind dat hy o.a. 'n groot gebrek aan yster het. Die yster aanvulling laat hom alreeds baie beter voel. Mag die Here jou weer sterk sodat jy weer voluit in Sy Koninkryk kan arbei.

**ALMA**

**Oorlede:** Hiermee ons innige simpatie met br Boeta en gesin met die oorlye van Boeta se vader Daan Erasmus op 26 April. Mag die Here julle troos in lewe en in sterwe soos die kategismus Sondag 1 dit stel. Want Christus het vir al ons sondes ten volle betaal aan die kruis.

* * * * * * * *

# Uittreksel uit 'n reeks Skrifoordenkings oor die Verbond

deur ds Koos Kirsten

[Hierdie bydrae is deel van 'n reeks oor o.a. die Verbond wat ds Kirsten per whattsapp versprei. Vanweë die oplewing en herinstel van godsdienste wat die Ou Testamentiese rituele voorop stel, plaas ons hierdie uittreksel. Vergelyk ook NGB Art. 25 – Die seremoniële wet in Christus vervul. Red]

## Hebreërs 8

In Hebr 8:6 staan dat Christus die Middelaar van 'n beter verbond geword het. As daar dan nou 'n beter verbond is, beteken dit dat die vorige een oud geword het en daarom afgeskaf is. As die nuwe beter is as die oue beteken dit dat die oue nie goed genoeg was nie. Daar was bepaalde gebreke daarin. Die gebrek in die oue was dat niemand dit volkome gehou het nie. Israel het dit deur die loop van hulle geskiedenis gewys dat hulle dit nie kon onderhou nie. Dit is waarom die HERE in Jer 31 gesê het dat Hy 'n nuwe verbond met hulle sal sluit. Ons het gesien dat Christus die Borg en Middelaar van die nuwe verbond geword het. Ons kan egter nie die oue net sommer weggooi nie, want die oue leer ons wat die nuwe sal behels. Sonder die oue het ons nie volle begrip van wat die verbond behels nie. Ons moet ook gaan kyk na wat die oue se beloftes is sodat ons kan weet hoe hulle in Christus vervul is.

In Gen 15, toe die HERE die verbond met Abraham gesluit het, het Abraham in 'n diep slaap geval toe die HERE in die simbole van die rokende oond en vurige fakkel tussen die stukke vleis deur beweeg het (Gen 15:12-17). Abraham kon nie saam beweeg nie, want hy het geslaap. Volgens alle sluitinge van verbonde moes albei die partye daarby betrokke, tussen die vleis deur beweeg. Daarmee het hulle verklaar dat hulle albei verantwoordelik sal wees om die verbond te onderhou. Nou kon Abraham nie. Hy word dus nie ook verantwoordelik gehou vir die onderhouding van die verbond nie, maar net die HERE alleen. Die betekenis van die hele handeling van om tussen die stukke vleis deur te beweeg het ingehou dat die een wat die verbond verbreek, moet sterf. Sy lewe moet met geweld uit hom geneem word, want hy het nie die verbond gehou nie. Abraham se nageslag het nie die verbond gehou nie, maar hulle kon nie volgens die handelinge van Gen 15 daarvoor verantwoordelik gehou word nie. Hulle het nie nodig gehad om te sterf nie. Die HERE moes verantwoordelik gehou word. Hy moes sterf. God kan nie sterf nie, maar as Hy mens kon word, sou Hy kon. Christus, die Seun van God wat ware God is en egte mens geword het, kon en het gesterf en so aan die eis van die verbreekte verbond voldoen.

## Galásiërs 3

Die apostel Paulus het met groot ywer die evangelie van Jesus Christus in die landstreek Galasië verkondig. Daar het toe verskeie gemeentes ontstaan. Net soos op talle ander plekke het die Jode hom met hulle dwaalleer gevolg. Sodra hy na 'n ander plek vertrek het, het hulle gekom en aan die mense verkondig dat hulle nie gered kan word as hulle nie besny is nie. Paulus het dit te hore gekom en toe hierdie brief aan die gemeentes geskryf. Hy wou hierdie dwaalleer die nek inslaan, want 'n mens word nie deur wetsonderhouding gered nie, maar deur die geloof in Christus Jesus. In hfst 1 stel hy dit baie duidelik dat daar net een evangelie is en dit is die een wat hy verkondig het. Elkeen wat iets anders verkondig sal 'n vervloeking wees. In hfst 2 wys hy hoe belangrik dit is om nie besny te word nie, omdat die besnydenis deur Christus se dood en opstanding afgeskaf is. Hy wys dan ook daarop dat hulle wat deur die wet geregverdig wil wees, die hele wet moet hou. Niemand, selfs nie die Jode kan dit doen nie. As jy jou besny, sê jy daarmee dat jy jou redding en saligheid soek in die onderhouding van die wet. Niemand kan die wet onderhou nie, daarom dat daar geen moontlikheid van redding in die wet te vind is nie.

In hfst 3 wys hy dan daarop dat Abraham nie die geregtigheid ontvang het deur die besnydenis nie, maar deur die geloof. Hy gryp terug na dit wat die HERE met Abraham gedoen het om vir die gemeentes te wys hoe die Jode, nie net die evangelie verdraai nie, maar ook dit wat die HERE met Abraham gedoen het, toe Hy die verbond met hom gesluit het. Vir die Jode was die verbond ontsaglik belangrik. Dit was immers hulle stamvader met wie die HERE die verbond gesluit het. Nou kom Paulus en hy wys hoe sterk die verbond is en wat werklik uit die verbond voortspruit.

Die eerste ding waarop hy wys is dat 'n mens die H.G. ontvang deur die prediking van die geloof en nie deur

die werke van die wet nie. Niemand het nog ooit die H.G. ontvang deur hom te laat besny nie, of om die wette en voorskrifte en bepalings van die O.T. te onderhou nie. Die H.G. werk kragte onder die gelowiges. Dit wat die Gees doen is onweerstaanbaar sterk. Die Gees bring mense tot geloof. Iets wat die wet nie kan doen nie. Trouens, ons het reeds in die behandeling van die wetgewing by Sinai gesien dat jy die H.G. nodig het om selfs net die eerste beginsels van die wet te onderhou. Sonder die Gees is dit onmoontlik om dit te doen. Die wet gee nie die Gees aan jou nie, maar die Gees lei jou tot gehoorsaamheid aan die wet.

Die tweede ding waarop Paulus wys is dat Abraham die geregtigheid deur die geloof verkry het. Die wat uit die geloof is, is kinders van God. Dit is van besondere belang dat ons moet besef dat nie die Jode is die nageslag van Abraham nie, maar die gelowiges. Nie die Jode wat die wet onderhou is uit Abraham nie, maar hulle wat glo soos wat Abraham geglo het. Die gelowiges is die ware kinders van Abraham. Dit beteken dat nie die Jode nie, maar die gelowiges die seën van die beloftes van die verbond ontvang. Die gelowiges is die erfgename van die seën van Abraham.

**Galásiërs 3:8-14**

Vers 8 is weer 'n besonder belangrike vers in die Bybel. Die Skrif het vooruit gesien dat God die heidene uit die geloof sou regverdig. Dit het vir God ook oor die heidene wat tot bekering sou kom, gegaan toe Hy die verbond met Abraham opgerig het, nie net oor Abraham en sy fisiese nageslag nie. Abraham het 'n ontsaglike belangrike rol gespeel in die redding van al die uitverkorenes, Jode sowel as heidene. Paulus sê hier dat God die evangelie aan Abraham verkondig het toe Hy aan Abraham gesê het dat al die volke in hom geseën sal wees. Die gevolg daarvan is dat almal wat uit die geloof is, saam met Abraham geseën word. Dit gaan hier weer oor hoe 'n mens deel kry aan die seën wat die HERE aan Abraham beloof het. Daar is net een manier en dit is deur die geloof en nie deur die werke van die wet nie. Die wat probeer om die geregtigheid deur die werke te verkry, is onder die vloek van die wet. Paulus haal nou weer hier aan uit Deut 27:26 waar daar staan: "Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie." Ons weet dat daar op vele plekke in die Bybel staan dat ons glad nie instaat is om werke van die wet die doen nie. Ps 143:2 sê dat niemand wat lewe voor God regverdig is nie. As ons dus deur die werke probeer om ons saak met God reg te maak, bly ons onder die vloek van die wet. Paulus wys weer daarop dat niemand deur die wet by God regverdig word nie, want die Skrif sê in Habakuk 2:4 dat die regverdige sal uit die geloof lewe. Dan haal hy weer uit Lev 18:5 aan wat sê dat die mens wat hierdie dinge doen, daardeur sal lewe. Dit gaan oor wat jy doen. As jy probeer om deur die werke van die wet geregverdig te word, bly jy onder die vloek van die wet. As jy glo, sal jy daardeur lewe.

Nou kom Paulus by Christus en wat Hy vir ons gedoen het, sodat ons deur die geloof in Hom kan lewe. Hy het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word. Christus het in ons plek kom staan en die vloek wat ons moes tref, het op hom oorgegaan. Omdat Hy 'n vervloeking geword het, het Hy die vloekdood van die kruis gesterf, want in Deut 21:23 staan: " Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang". Omdat Hy vervloek is, kan seën van Abraham nou op die heidene oorgaan. Nou kom ons by die inhoud van die seën wat die volke sou ontvang. In Gen 12-17 lees ons nie wat die inhoud van die seën is nie. Nou sê Paulus dat dit die H.G. is. Die seën wat die volke sou intvang is die Heilige Gees.

Niemand ontvang die H.G. deur die werke van die wet nie, maar deur die geloof. Ons kry nou hier 'n baie interessante wisselwerking tussen die H.G. en geloof. Hier sê Paulus dat ons die Gees ontvang deur die geloof. Op ander plekke lees ons dat ons die geloof deur die Gees ontvang. Die orde word omgekeer. Watter een is dan nou eerste? Dit maak nie saak nie. Jy kan nie glo sonder die H.G. nie en jy kan nie die H,G. ontvang sonder die geloof nie. Dit wys ons net hoe belangrik die werk van die Gees in ons lewe is.

Wat ook in hierdie gedeelte opval is hoe Paulus die O.T. gebruik om sy argumente te staaf. Hy moet die Jode weerlê en hy doen dit met dit waarin hulle glo nl. die O.T.

* * * * * * * * * *

# Die "HAATSPRAAK" Wetsontwerp bedreig Vryheid van Spraak.

Dr. Peter Hammond (vryvertaal, verkort en geredigeer)

"...**julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak**." (Joh. 8:32)

**Verantwoordelikhede en Regte**

Die enigste Bybelse beperkinge op vryheid van spraak is in die Tien Gebooie: *"*Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie...",*"*Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie", **"Jy mag nie egbreek nie",** verbied sedeloosheid in al sy vorme en "Jy mag nie doodslaan nie*",* verbied haat en geweld.

**Om Vryheid te verkondig**

*"Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis.."* (Jes. 61:1).

## Vryheid van spraak is 'n Vrug van die Protestantse Hervorming

*"Daar waar Christelike ideale algemeen aanvaar word en ernstig gepoog word om dit toe te pas, heers 'n dinamiese vryheid; en waar Christelikheid geïgnoreer of verwerp, vervolg of gebind word aan die Staat, daar is tiranie." (*Carlton Hayes, *Christianity and Western Civilisation).*

**"***Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid*.**"** (2 Korinth. 3:17)

Vanaf die *Dooms* van Koning Alfred die Grootte, tot by die *Magna Carta* van 1215, die *Petition of Rights* van 1628 en die *English Bill of Rights* van 1689, is politieke, ekonomiese en godsdienstige Vryheid gebaseer op Vryheid van denke, Gewetensvryheid, Godsdiensvryheid en Vryheid van Spraak.

*"Want julle is tot vryheid geroep, broeders; gebruik net nie julle vryheid as 'n aanleiding vir die vlees nie, maar dien mekaar deur die liefde."* (Gal. 5:13). In Bybelse terme is vryheid van spraak verpligting tot die verkondiging van die waarheid. (Esg. 3:1-20).

## In 'n Tyd van Universele Bedrog

Tog, anti-Christelike magte is gedurig besig om hierdie vryhede in te perk.

*"In 'n tyd van universele bedrog, kan dit 'n daad van rewolusie word, om die waarheid te praat."* (Orwell, *1984)* Vir dié wat die waarheid haat, is vryheid van spraak, haatspraak.

Tydens die Middeleeue kon politieke en kerklike leiers teenstand in die kiem smoor met die beskuldigings *"Verraad!"* en *"Kettery!"*

Die moderne ekwivalent is: *"Rassis!", "Homofobiese dweper!", "Anti-Semiet!", "Islamaphobe!", "Nazi!", "Wettisis!", "Onverdraagsame!", "Veroordeler!"* of *"Seksis!"*

Dat regerings dit waarvan hulle nie hou nie, *"haatspraak"* noem, is wêreldwyd deel van 'n oorlog teen God en bedreiging van vryheid vir Christelike skole, sendingstasies, bedieninge, radio stasies, families en individue.

## Die Opkoms van Denke-Polisie ('Thought Police')

Onskuldige opmerkings soos *"'n huwelik kan slegs tussen 'n man en 'n vrou wees",* word in Kanada vertolk as "haatspraak" en het ook kriminele aanklagte in dele van die VSA, Brittanje en Australië tot gevolg. Bybelaanhalings, soos bv. Joh.14:6, word reeds veroordeel as *"onverdraagsaam","dweperig" en "haatspraak!"* So ook word pro-lewe opmerkings soos bv. *"lewe begin by ontvangenis"* en *"aborsie is moord'* in Noord-Amerika, Europa en Australië as haatspraak geklassifiseer.

## Waar moet dit eindig?

In George Orwell se boek, *1984*, vervolg die Denke-Polisie *('Thought Police'*) denk-misdade ('*thought crimes')*. Kwaadwillige vooroordeel, word bevorder deur sêkulere humaniste. Hoe? D.m.v. Hollywood-vermaaklikheid, hoofstroom nuusmedia, skool-handboeke en politieke wetgewing... 'n sinistêre gereedskapskis vir anti-Christelike intimidasie, teistering en vervolging.

*"Muilbandreëls"* is slegs maar 'n voorspel vir vervolgings, sensorskap, boetes en tronkstraf van dié wat hul gewetens nie wil verkrag en stilbly nie.

## Die opkoms van die GayGB en die Pienk Inkwisisie

In The Rise of the GayGB and the Pink Inquisition (deur die Africa Christian Action), word gedokumenteer hoedat die radikale LGBT homoseksuele drukgroep oral goedkeuring en lojaliteit wil afdwing. Jy maak 'n fout as jy dink dat dit jou, jou gemeente of jou familie nie gaan raak nie. Hulle wil elke afdeling van die gemeenskap verander - met ons belastinggeld.

## Oorlog teen God se Skeppings-Orde

Satan wil die werklikheid omdop, sodat verdorwenheid die nuwe normaal word, maar vryheid van spraak, 'n misdaad word. In die Nuwe Wêreld Orde (NWO) is pornografie 'n kern-aspek van "vryheid van spraak", en aborsie word bloedoffer-sakrament in die plek van die Nagmaal. Bevraagtekening van die NWO se meerrassige 'interfaith' agenda word "verraad" en "kettery!" Die evolusie-leer is onaantaasbaar. Niemand durf die NWO-weergawe van "geskiedenis" bevraagteken nie, dis "ondermynend". Om die Evangelie van ons Here Jesus Christus te verkondig as toepaslik op alle lewensterreine, is "haatspraak" en "onverdraagsaamheid".

## Hoe behoort ons as Christene hierop te reageer?

Luther verklaar: *"As ek elke deel van die waarheid van God's Woord bely, behalwe daardie deel wat op die oomblik deur die wêreld en die duiwel aangeval word, is ek nie werklik besig om Christus te bely nie, hoe dapper ek ook al optree."*

Hy waarsku: *"Ek vrees dat skole hulself gaan bewys as wawyd oop hekke van die hel, tensy hulle toegewyd arbei in die uitleg van die Woord, en dit graveer op die harte van die jeug. Ek beveel nie aan dat iemand sy kind in 'n skool plaas waar die Skrif nie die hoofsaak is nie."*

En by Worms verklaar hy voor 'n magtige Europese vergadering, op 18 April 1521: *"Tensy ek oortuig word deur die Skrif, of deur helder redenasie, dat ek fouteer – kan ek my woorde nie terugtrek nie... ek onderwerp my aan die Skrifte...***My gewete is die gevangene van die Woord van God**... *Hier staan ek, ek kan nie anders nie. So help my God.*

## Die prys van Beginsel

Om dapper Bybelse stellings te maak, het 'n prys. Professor John Wycliffe is uit die Oxford Universiteit

geskop omdat hy gedurf het om uit die Bybel te onderrig en dit te vertaal in Engels.

Professor Jan Hus, van die Praagse Universiteit, is deur die pous ge-ekskommunikeer en op die brandstapel by Constance verbrand. As hy sy woorde terugtrek sou sy lewe gespaar word, maar hy verklaar hy verkies om in die openbaar verbrand te word, eerder as om in die geheim stil gemaak te word.

### Ons moet God alleen vrees

*"Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing."* (2 Tim. 1:7). Christus leer om mense nie te vrees nie, want dit is 'n valstrik en 'n lokval. Ons moet God vrees, wat by magte is om beide liggaam en siel te vernietig (Luk 12: 4, 5). Godsvrees bevry.

Die Waarheid bevry, misleiding bring slawerny.

*'Hulle belowe vryheid aan julle, terwyl hulle self slawe van die verdorwenheid is…"* (2 Petr. 2:19).

As Christene is ons uiteraard gekant teen haat, maar dit is nie die bedoeling van hierdie wetsontwerp om werklik haatspraak in die kiem te smoor nie. Die ergste soort haatspraak is die laster teen die Almagtige God, en kyk hoe is dit deel van ons vermaaklikheids-industrie!

### Christene word opgeroep om Haat met Liefde te troef

*"Haat verwek twiste, maar liefde bedek al die oortredinge."* (Spreuke 10:12) *"Hy wat sê dat hy in die lig is en sy broeder haat, is in die duisternis tot nou toe."* (1 Joh. 2:9) Christus leer: *"Die wêreld kan julle nie haat nie; maar My haat hy, omdat Ek van hom getuig dat sy werke boos is."* (Joh. 7:7). En ook: *"As die wêreld julle haat, moet julle weet dat hy My voor julle gehaat het."* (Joh. 15:18).

### Wees altyd bereid

Die Woord van God beveel ons: *"Maar heilig die Here God in julle harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees..."* (1 Petr. 3:15).

### Terug by die Bybel – Hervorming en Herlewing

In 1519 verwerp Zwingli die Latynse Mis, en begin om van Math. 1:1 af, vers vir vers die hele Nuwe Testament uit te lê in sy prediking. Ons moet terug na die Bybel vir Hervorming en Herlewing, en soos Luther en Zwingli met dapperheid en oortuiging reageer op wêreldse dreigemente.

Ons gewete moet gevangene wees van die Woord van God, daarop staan ons vas. Ons moenie omgee om anders te wees nie, en in die geloof die Woord van God getrou en noukeurig verkondig, sodat *"...hulle weer nugter kan word, vry van die strik van die duiwel, nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen."* (2 Tim. 2:26).

### Staan Vas in die Vryheid waardeur Christus ons Vry maak

*"Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood" (*Rom. 8:2).

*"...in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God."* (Rom. 8:21).

* * * * * * * * *

### Grepe uit die kerkgeskiedenis

# Geref.Kerke in Suid-Afrika van 1890 en verder

## Inlywing van die Gereformeerde Kerke onder die Kruis by die Gereformeerde Kerk

### Inlywing

Hoewel die Gereformeerde Kerk onder die Kruis kort ná sy stigting in 1897 'n versoek tot die kuratore van die Teologiese Skool gerig het om die verhouding tussen dié Kerk en die Gereformeerde Kerk in SA te bepaal, en verder direk met die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk in die Kaapkolonie in verbinding getree het, was dit eers in 1910 dat die saak van die Kerke onder die Kruis die aandag van die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika geniet het. Op daardie Sinode het die brief gedien wat die eerste Algemene Vergadering van die Kerke onder die Kruis in Februarie 1910 aan die Gereformeerde Kerk gerig het. Die Sinode kon dus kennis maak met twee stukke van die Kruiskerke, naamlik die brief en 'n afskrif van die Kerkorde wat op daardie Algemene Vergadering aanvaar is.

Met hierdie twee stukke op die sinodale tafel kon die Sinode dus direk 'n duidelike beeld van die doel en strewe van die Kerkgroep verkry en dit ook in daardie lig bespreek. Blykens die notule van die vergadering is ná bespreking van die saak besluit om 'n kommissie te benoem ter kennismaking en om op die eersvolgende Sinode te rapporteer. Dit is hierdie kommissie wat vermeld is deur die kommissie vir bediening van die Kerke onder die Kruis op hulle Algemene Vergadering op Strydenburg in Desember 1911 en met wie onderhandel is insake die geestelike bearbeiding van hierdie Kerke. En volgens aanbeveling van hierdie Sinodale deputaatskap moes die

Kerke onder die Kruis hulle intussen tog maar weer wend tot die kerkrade vir hulpdienste deur die predikante van die Gereformeerde Kerk. Hulle het egter nie net met die Kerkrade in verbinding getree nie, maar ook met die Algemene Vergaderings. En blykens die besluite wat op die Vergaderings geneem is, moes hulle hulp aanvra by die Kerkrade.

Die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk het van 6 tot 13 Maart 1913 op Steynsburg vergader, en op die vergadering die saak van eenwording van die twee Kerkgroepe was ook op die agenda. Op die Sinode was ook verteenwoordigers van die Kerke onder die Kruis. Hulle is deur die praeses verwelkom, waarop oudl. Liebenberg geantwoord en gesê het dat hulle geen besondere opdrag het nie, maar dat hulle gekom het om die deputaatskap wat deur die vorige Sinode benoem is, te ontmoet. Die ontmoeting het plaasgevind, en daarna het die deputaatskap sy rapport aan die Sinode voorgelê, waaruit die volgende blyk:

(1) Ná die eerste ontmoeting met die kommissie van Kerke onder die Kruis, het die deputate die predikante geadviseer om die gemeentes met die bediening van Woord en Sakramente te help.

(2) Ná die tweede ontmoeting was daar sprake van die inlywing van die Kerke by ons kerkverband, en die eerw. Sinode dra reeds kennis van die inlywing van die gemeentes Lindley en Frankfort by ons Kerk; terwyl by 'n derde ontmoeting met gemelde kommissie gedurende hierdie sitting, dit geblyk het dat daar in hierdie verband nog 'n paar kleinere besware is, en

(3) ten opsigte van hierdie laaste adviseer u kommissie nou:

(a) dat by eventuele inlywing in ons kerkverband die gemeentes onder die Kruis hulle moet voeg by die respektiewe Algemene Vergaderinge, en

(b) dat tot die eersvolgende sittinge van die Algemene Vergaderinge ons predikante, indien daartoe versoek, hierdie gemeentes nog sal bedien met toestemming van die respektiewe kerkrade.

Die Sinode het hierdie rapport behandel en dit met dank aan die kommissie, goedgekeur. Daarmee was die weg vir verdere onderhandeling met die oog op inlywing by die kerkverband van die Gereformeerde Kerk dus oopgemaak. Hierna is die verdere onderhandelinge deur die afsonderlike Algemene Vergaderinge gevoer.

(volgende keer verder)

* * * * * * * * *

## *Iets oor Bybelvertaling en -vertalers*

# *Martin Luther*

***(10 November 1483 – 18 Februarie 1546)***

Martin Luther is op 10 November 1483 in Eisleben gebore. Die magtige protes van "die monnik wat die wêreld geskud het" teen die dwaalleringe en misbruike van die Kerk van sy tyd, het op die groot Kerkhervorming van die sestiende eeu in Europa, met sy verreikende gevolge op kerklike, maatskaplike en staatkundige gebied oor die wêreld heen uitgeloop.

**In 1521 vertaal Martin Luther die Bybel in die Duitse volkstaal**. Soos in ons tyd, het baie geleerde teoloë verklaar dat die regte betekenis van die Bybelwoord alleenlik ontrafel kan word deur diegene met meerdere teologiese kennis. In 1521 sê Luther in sy publikasie ***Die Uitlegging van Ps. 37: "Daar is nie 'n duideliker boek op aarde geskrywe as die Heilige Skrif nie. . . . so helder soos die son in vergelyking met ons ligte . . . . . Dit is 'n lastering teen die Heilige Skrif en die hele Christendom as 'n mens sou sê dat die Skrif duister is en nie so helder dat elkeen dit kan verstaan om daaruit sy geloof te leer en te bewys nie"***

**Met die hulp van 'n paar kundige vriende van die Bybel het Luther in 1521 in elf weke die hele Nuwe Testament in Duitse vertaal! Luther se Duitse Bybelvertaling het 'n onberekenbare groot invloed op die loop van die Hervorming, sowel as op die taalontwikkeling in Duitsland gehad, en tot vandag toe het geen Duitse vertaling dié van die Hervormer verdring nie. Die eerste volledige uitgawe daarvan het in 1534 verskyn.**